



JANUARIE 2026

Familie-NUUS

LEWENDE WOORD BLOEMFONTEIN

**"AS JY DIE LEWE WIL LEEF WAT JY GEMAAK IS OM TE LEEF,
GAAN JY DIE TOEKOMS MOET KIES WAARIN JY WIL LEEF!"**

Neville Goodchild



Ek kies
die toekoms





" And blessed [spiritually fortunate and favored by God] is she who believed and confidently trusted that there would be a fulfillment of the things that were spoken to her [by the angel sent] from the Lord." Luke 1:45 (AMP)





Kry antwoorde oor babas, borsvoed en bevalling by dié kursus



Maak 'n knoop in jou oor! Of jy nou jou eerste baba verwag of reeds 'n klein bondeltjie in jou arms het, Lewende Woord Bloemfontein se Baby on Board-voorgeboortekursus op 31 Januarie 2026 is 'n moet.

By hierdie kursus praat ons oor die dinge wat niemand vir jou sê nie: watter mylpale jy in die eerste maande kan verwag, hoe om jou baba se oë en velletjies sag en veilig te versorg, en die werklikheid van borsvoeding die mooi én die moeilike.

Dr. Elizna van Aardt gaan gesels oor kardiopulmonale resussitasie (KPR) en babaveiligheid en gee praktiese, lewensbelangrike wenke wat elke ouer behoort te weet. Suster Marlie Coetzer deel ook eerlik oor natuurlike geboorte en keisersnee, en help jou om die proses met meer vrede en begrip te benader.

Kaartjies is beskikbaar op Quicket: R300 per paartjie - <https://qkt.io/YjCxDo>

KRUISMAMMAS

Sophisticated with a Dash of Mommy



Woorde soos "gesofistikeerd" en "ma-wees" is nie aldag pasmaats nie, maar by Lewende Woord Bloemfontein se spesiale asem-skeppoggend Sophisticated with a Dash of Mommy het ons die mooi in ma-wees opnuut gevier.

Ons het heerlik saam gekuier, gelag en geluister terwyl Suster Appel haar wysheid gedeel het oor emosionele welstand, selfversorging en die belangrikheid daarvan dat mammas ook moet asemhaal.

Haar eerlike, praktiese raad het elke ma herinner aan die ongelooflike roeping van ma-wees heilig, kosbaar en soms uitdagend, maar altyd deur God gedra.

Ons nooi swanger en mammas met jong kinders om elke tweede Donderdag tussen 11:00 en 12:00 saam met ons by KruisMammas te kom kuier.

Kom drink 'n koffie, skep asem, en wees deel van 'n plek waar mammas mekaar dra, inspireer en vier. Kontak Elizma Kriel vir enige navrae: 082 773 4103

SENIOR BEDIENING

Carpe Diem



Welkom terug aan elke senior! Mag 2026 gesaai wees met seën, gesondheid, goedheid en guns, na die rykdom van Sy genade. Dit is 'n skoon bladsy, 'n geleentheid vir nuwe vriende, avontuur en om nuwe herinneringe te skep! Ons sit ons hand in Syne, vol dankbaarheid en onvoorwaardelike geloof, want niks en niemand kan ons uit Sy hand ruk nie.

Omgee kan nie gekoop, geleen of gesteel word nie; dit kan net verniet uitgedeel word. Kom word deel van die senior groep en ervaar juis dit, terwyl jy deel uitmaak van 'n groep wat passievol en doelgerig leef in die teenwoordigheid van God.

2025 het op 'n hoë noot geëindig, en die nuwe jaar belowe geseënde samesyn en is propvol interessantheide. Ons verken onder andere die oorwinnings en getuïenisse in die G4S Gevangenisdiens te Bloemfontein, deur die oë van iemand wat reeds jare lank die evangelie daar verkondig. Lekker saamkuiergeleenthede en uitstappies lê voor! Ons byeenkomste op Woensdae en Donderdae fokus op Woord verryking, samesyn, getuïenisse en gebede vir mekaar. *Carpe diem!* Koop die tyd uit en spandeer jou Woensdag of Donderdag in 2026 en verder saam met ons groep seniors wat jou met die intrapslag onlosmaaklik deel hiervan sal maak.

Kontak: Elaine Prinsloo
Selnommer: 083 626 1137



YAM

Young Adults Ministry



“En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie.”
GALASIËRS 6:9

Het jy al ooit gewonder wat sal gebeur as ons ophou wonder: “Wat as?” Deur die laaste kwartaal het ons by ons Young Adults-sel presies met hierdie vraag geworstel.

Om die vraag te beantwoord, het ons na sekere aspekte van Elisa se lewe gekyk, en ons kon die volgende hoofpunte daaruit haal:

- Elisa moes 'n kans waag om in sy roeping in te stap. Ons hoef nie alles te verstaan om die stem van die Here te gehoorsaam wanneer Hy ons roep nie.
- God wil deur ons werk, maar Hy wil ook hê dat ons moet werk.

Ons het die voorreg om deur God gebruik te word, en Hy wil wonderwerke deur ons lewens doen. Die vraag is: “Wat as ons die kans waag en God toelaat om deur ons te werk?” — Rimmon Kloppers

TIENERBEDIENING

Die deugsame lewe – wat beteken dit? In Galasiërs 5:22–25 lees ons oor die vrug van die Gees, 'n onderwerp wat al baie bespreek is en waaroor daar baie te sê is! Ons het verlede jaar One80 afgesluit met juis hierdie tema. Die kern idee van die tema is ons afhanklikheid van die Heilige Gees om Sy werk in ons lewens te doen, en om Hom toe te laat om verandering in ons lewens te bring.

“Sonder intensionele verandering sal ons lewens dieselfde bly.”

Ons is baie opgewonde oor 2026, vir persoonlike groei en gemeenskap impak!



GETUIGENIS



16 November 2025 was die dag waarop ek, as 'n volwasse mens, bewustelik die besluit geneem het om my te laat herdoop. Dit was die begin van 'n pad wat ontvou het toe my vriende, Christiaan en Adelle, my ná 'n naweek se kuier saam kerk toe geneem het. Wat soos 'n klein, eenvoudige besluit gevoel het, het my lewe op maniere verander wat ek nooit kon voorsien nie.

Soos 'n mosterdsaadjie is daar iets in my hart geplant, en deur die werk van die Heilige Gees het dit gegroei en my lewe ingrypend verander.

Die pad is nog lank nie klaar nie; ons stap dit elke dag, maar dit hoef nooit alleen te wees nie. In hierdie reis het ek 'n ware Vriend, 'n Rots en 'n veilige toevlug in die Here gevind. Ek het ook soveel opregte, liefdevolle mense ontmoet wat my bystaan en saam met my in geloof wandel.

Dit beteken vir my meer as wat woorde kan beskryf. Ek glo vas dat die Here my na Bloem gebring het met 'n doel. Ek sien met groot verwagting uit na wat nog voorlê, want God is altyd goed, en Sy plan en wil vir ons lewens is soveel groter, mooier en wonderliker as enigiets wat ons ooit self sou kon beplan.

— Jeandre van Tonder

“Deur die doop is ons saam met Hom begrawe as mense wat deel in sy dood. En nou kan ons, net soos Christus wat deur 'n heerlike magsdaad van die Vader opgewek is, ook 'n totaal nuwe lewe leef.” Romeine 6:4 NLV



'N SPESIALE OOMBLIK:

Die Kinderdoop

Daar is 'n 0.01% kans dat jou kind eendag 'n Usain Bolt kan wees, maar 'n 100% kans dat hy of sy voor die Here sal staan. Daarom is die kinderdoop so kosbaar 'n dag vol hoop, vreugde en die wete dat God 'n storie met elke kind begin skryf.

Volgens bedieningsleier Elizma Kriel is elke doop 'n hoogtepunt.

“Dit is ongelooflik om te dink dat nóg 'n kind vir Jesus gaan leef en 'n impak kan maak dalk soos die David Livingstones en Reinhard Bonnkes.”

Chrisna Franklin beskryf hul kinders se doop as 'n diep betekenisvolle ervaring. “Ek en Rian kon saam ons kinders in die doopbad wees. Ek het vir elkeen 'n Bybel gekoop, en hulle het met groot opgewondenheid elke nuwe vers ontdek.”

Die volgende kinderdoop vind plaas op 10 Mei 2026.




“'n dag vol hoop, vreugde en die wete dat God 'n storie met elke kind begin skryf.”



Redeeming LOVE

Teles

Ministry for abused woman and children



“

'n Kwartaal van dankbaarheid en groei!

Dit was 'n woelige, maar besonder geseënde kwartaal, een gevul met harde werk, samewerking en soveel om voor dankbaar te wees. Voor die Desember vakansie kon ons nuwe plaveisel lê, wat nie net die omgewing verbeter het nie, maar ook die estetiese voorkoms aansienlik verfraai het. Dit skep 'n netjiese, veilige en verwelkomende ruimte vir almal wat hier kom.

'n Hoogtepunt van die kwartaal was toe Ilse Du Preez, Hannon Botma se regterhand op die televisie reeks 'Glam Guru' vir ons meisies 'n spesiale "make-over" gedoen het nadat hulle hul tyd by die Safe House voltooi het. Dit was 'n besonderse oomblik wat selfvertroue en hoop gebring het.

Ons is ook dankbaar vir 'n groot besending klere wat ons van Woolworths ontvang het. Baie van die meisies arriveer by die Safe House met feitlik niks, en hierdie skenking het hulle waardigheid en warmte gegee.

Verder was dit 'n voorreg om besoekers van Engeland te ontvang, wat ons werk van nader kon sien en saam met ons kon deel in dit wat hier gebeur.

Die meisies het hierdie kwartaal soveel geleer, gegroei en nuwe hoop vir hul toekoms gevind. Ons is dankbaar vir elkeen se pad, hul deursettingsvermoë en die genesing wat daagliks plaasvind. Ons stap die volgende kwartaal binne met dankbare harte en groot verwagting.

Ons wil graag opreg dankie sê aan elke vrywilliger wat tyd afgestaan het om te help, klasse aan te bied en nuwe vaardighede met ons meisies te deel. Julle insette maak 'n blywende verskil.

GEREED VIR 2026

Die beplanning vir die nuwe jaar is voltooi, en ons sien met verwagting en dankbaarheid uit na dit wat voorlê. Ons vertrou dat die Here nuwe lewens aan ons sal toevertrou en dat ons saam met elke meisie 'n pad van genesing, herstel en hoop sal kan stap.

Ons begin die jaar gefokus en doelgerig met ons vaardigheidsopleiding (skills training). Verskeie instansies en individue het reeds hul bereidwilligheid getoon om hande met ons te vat en die meisies toe te rus met praktiese vaardighede gedurende hul tyd in die Safe House. Hierdie opleiding is van onskatbare waarde, aangesien dit die meisies bemagtig en voorberei vir 'n meer onafhanklike en hoopvolle toekoms.

Om hierdie projekte suksesvol te kan aanbied, is finansiële ondersteuning egter noodsaaklik. Elke bydrae help ons om opleiding, materiaal en begeleiding moontlik te maak sodat die meisies die maksimum voordeel uit hierdie geleentheid kan put.

Ons stap hierdie jaar binne met geloof, samewerking en 'n diepe vertroue dat elke saad wat gesaai word, vrug sal dra.





Ons bid saam vir Hilton en dat die Here Sy lig deur ons sal gebruik in daardie donker areas. Bid saam met ons dat nuwe lewe sal deurbreek, dat mense wat honger en dors is na Jesus, bereik en getransformeer sal word.

Ons nooi die gemeenskap van Bloemfontein uit om betrokke te raak en saam met ons uit te reik. Ons bid en bedien reeds sedert verlede jaar in Hilton en vertrou die Here om deure oop te maak. Ons bied ook opleiding vir straatbediening aan.

Die veiligheid van almal wat saam uitreik, is vir ons 'n prioriteit. AfriForum se manne beweeg voortdurend saam met ons om seker te maak dat elke spanlid veilig is tydens die bediening. Verlede jaar het ons saam met *Bags of Hope* uitgereik na die meisies—baie van hulle in haglike omstandighede, diep seergemaak deur die lewe, met min geleenthede beskikbaar. Ons kon met hulle gesels; baie was skrikkerig en bang.

Die span van *Redeeming Love* het die dwelms- en prostitusie huise binnegegaan terwyl die res van die span buite gewag het. Ons het die meisies uitgenooi om 'n handsak met toiletware en 'n klein geskenkie te ontvang, en saam met hulle te bid en te bedien. Daar was baie trane en baie seer.

Só bou ons verhoudings sonder enige oordeel, net liefde en aanvaarding met die hoop dat hulle self eendag sal kies om weg te stap van daardie omstandighede.


Daar is soveel mense wat nog bereik moet word. In die tyd wat ons daar was, kon ons slegs twee huise besoek.

RL

LOVING PEOPLE BACK TO LIFE


Redes waarom vroue na die Safe House kom.

Hierdie grafiek toon die hoofredes waarom individue in die Safe House geplaas is. Mensehandel, fisiese mishandeling en algemene veiligheidskwessies is van die vernaamste redes. Die hoë voorkoms van mensehandel en mishandeling beklemtoon die dringende behoefte aan gespesialiseerde, trauma-ingeligte sorg.



Ouderdomsverspreiding.

Hierdie grafiek illustreer die ouderdomme van individue wat die afgelope jaar (2024/2025) na die Safe House gekom het. Dit toon duidelik dat beide minderjariges en volwassenes beskerming nodig het. Jong meisies, tieners en volwasse vroue arriveer met 'n dringende behoefte aan beskerming, emosionele ondersteuning en langtermyn-stabilisering.



AANDDIENS

Reeks oor Verhoudings

Aan die einde van 'n merkwaardige jaar het ons die aanddiens vir 2025 afgesluit met 'n betekenisvolle reeks oor verhoudings. Hierdie reeks was nie net 'n afsluiting nie, maar 'n viering van God se wysheid wat jong mense toerus om teen die stemme van die wêreld te kies wat reg en goed is. Romantiese verhoudings, gesinsbande en vriendskappe is dikwels die plekke waar die vyand probeer steel, maar ons het saam ontdek dat Christus se lig sterker skyn as enige duisternis.



Die reeks het 'n veilige ruimte geskep waar eerlike vrae gevra kon word en waar jong mense leiding ontvang het wat hulle vir die res van hul lewens kan dra. Soos Charles Spurgeon eens gesê het:

“Wisdom is the right use of knowledge.”

Ons vier dat hierdie reeks nie net kennis gedeel het nie, maar ware wysheid geplant het.

-De Villiers Nel



LIVING WORD, LIVING WORSHIP

Op 16 November 2025 het ons saam 'n besonderse *worship*-aand beleef. Dit was 'n ongelooflike tyd in God se teenwoordigheid, en ons het regtig gevoel hoe Sy Gees onder ons werk. Mense van alle ouderdomme en agtergronde het saam gesing en gebid. Dit was 'n heilige en lewensveranderende ervaring.

Daardie aand het ons weer gesien hoe mooi dit is wanneer ons as een liggaam Hom aanbid. Ons glo met ons hele hart dat *praise*- en *worship*-aande net die begin is van *Living Word, Living Worship*. Ons sien uit na 2026 en alles wat God saam met ons gaan doen, asook die nuwe projekte waarvoor ons Hom vertrou en sien uit om dit met die gemeente te deel.

Met groot opgewondenheid nooi ons julle nou uit na ons volgende *praise*- en *worship*-aand op 22 Maart 2026 om 18:00 by die kerk. Kom aanbid saam, rus in Sy teenwoordigheid en geniet die tyd saam! -Nico Prinsloo



LANGENHOVENPARK

Mannegebed

Op 22 November het 'n groot groep mans op die Langenhovenpark koppie bymekaar gekom vir die Mannegebedsoggend. As mans saam gebid en God gevra om kragtig te beweeg in ons families, kerke, stad en ons land.

Dit was 'n spesiale tyd in God se teenwoordigheid.

Ons hart is dat alle kerke in Langenhovenpark hande sal vat en saam sal bid op so geleentheid en dat ons as een liggaam sal intree vir Langenhovenpark en die selfde kultuur skep in alle areas in Bloemfontein.

Ons glo dat gebed ware verandering kan bring in ons stad en land. Daarom nooi ons elke man uit om betrokke te raak. Die volgende byeenkoms is op 28 Februarie 2026 om 05:30 by die Langenhovenpark Spitskop koppie.





Die Karoohuisteater, waar ons tans bymekaar kom



Die "teater" waar ons ons byeenkomste hou



Die stadsaal waar ons ook bymekaar kan kom



FAURESMTIH *Bedieningspunt*

Lewende Woord Bediening in Fauresmith en omgewing Sommer maar net een van die Suid-Vrystaatse dorpieë waarvan die meeste mense in ons land nie eers weet van sy bestaan nie. En tog is dit nie regtig sommer net 'n dorpie nie, dit is die 2^{de} oudste dorpie in die Vrystaat wat destyds met 2 stemme die stemming verloor het om die hoofstad van die Vrystaat te word.

Bloemfontein het dit net-net gemaak waardeur die stad nou die hoofstad is en Fauresmith die "ou plaasdorpie" gebly het met 'n treinspoor dwarsdeur die dorp waarop die stoomtreine tot in die 90'er jare in die hoofstraat deur die dorp gery het. Dit maak Fauresmith baie uniek want dit is een van die drie dorpe in die wêreld waar die spoor deur die dorp geloop het. Met die vestiging van die Hollandse boere in 1815, is gedurende 1851 die eerste NG kerk gebou op die plaas "Sannahspoort", wat later Fauresmith geword het. Mense vanuit die omliggende dorpe soos Jagersfontein, Luckhof, Philippolis, Koffiefontein, Trompsburg, Petrusburg, Edenburg en Jacobsdal het na die kerk in Fauresmith toe gekom.

Fauresmith het daarom 'n sterk gereformeerde geskiedenis en het die kerk homself diep gewortel in hierdie dorp en die omgewing. Gedurende al hierdie jare was die omgewing van die kerk egter baie tradisioneel en

was dit asof die tradisies en orde van die kerk belangriker was as 'n lewe van 'n oortuigde kind van God, wat duur gekoop is deur die bloed van Jesus.

Onder hierdie omstandighede het Linda en ek in 2020 in Fauresmith kom woon. Ons het gou besef dat baie mense in hierdie dorp honger na die inhoud van God se Woord en dat dit vir hulle belangriker geword het as net die tradisies van die kerk. Op 'n wonderbaarlike manier het die Here voorsien dat ek in die kerk van hierdie dorp en van die ander dorpe die Woord van die Here kon bedien en kosbare vriende gemaak het.

Deur omstandighede het ons in 2023 Bloemfontein toe verhuis en het ons aangesluit by die Lewende Woord gemeente, waardeur ons al die vriendelike mense van hierdie gemeente ontmoet en leer ken het. Toe die omstandighede egter verander het, het dit vir ons duidelik geword dat ons weer terug moes gaan Fauresmith toe en nadat die Here vir ons voorsien het van 'n pragtige woonplek in die dorp het ons op 26 Augustus 2025 weer teruggetrek na hierdie dorp.



Dit was vir ons baie duidelik dat dit alles in die Here se plan was dat ons in Bloemfontein moes wees om by Lewende Woord aan te sluit, sodat ons onder die "sambreel" van die gemeente 'n Lewende Woord bediening in Fauresmith kon begin.

Ons het baie sterk ervaar dat ons sensitief moes wees en nie 'n gesindheid moes openbaar van "ons is hier om te kompeteer met die kerk" nie, maar dat ons met die gesindheid van Christus hier moes begin om versigtig te verduidelik dat ons nou met 'n ander bediening onder Lewende Woord in die dorp sou begin. Ons primêre fokus lê nie op die kerkmense nie, maar op mense wat in die dorp woon wat graag onder die Woord wil kom, maar nie in die bestaande kerk se omgewing nie.

'n Wonderlike deur het vir ons oopgegaan om ons byeenkomste bekend te maak via Sosiale Media en het verskillende mense by ons begin aansluit. Aanvanklik het ons begin met Bybelstudies by ons huis, maar ons het al vinnig agtergekom dat ons sitkamer te klein geword het om die groep mense by ons te huisves.

Gedurende die eerste byeenkomste het 'n paar mense hulle aangemeld om gedoop te word en het ons op Sondag 30 November ons eerste 3 doopkandidate gehad wat ons in die Lewende Woord kerk in Bloemfontein gedoop het!

Daar was vir ons 2 opsies om bymekaar te kom: in die 'stadsaal self wat ons vir 'n klein bedrag per byeenkoms kan huur of in die dorpssteater (die Karoohuis) wat ook vir ons beskikbaar gestel is om daar ons dienste te kan hou. Omdat die Karoohuis kleiner en daardeur meer gesellig is, het ons vir daardie opsie gekies en kom ons nou daar bymekaar.

Die groepie mense wat tot nou toe by ons aangesluit het, bestaan uit omtrent 20 mense, maar ons weet dat daar meer mense is wat nog twyfel en waarvan ons glo dat dit nie lank sal wees dat hulle ook deel van ons Lewende Woord bediening sal word.

Ons is dankbaar vir ons eie Lewende Woord bediening hier in Fauresmith en ons bemark dat daar al 'n geweldige, hegte band bestaan tussen die lede van hierdie groep. Verder is ons baie dankbaar vir al julle gebede en ondersteuning – dit beteken regtig baie vir ons! Ons ervaar die betrokkenheid van Bloemfontein en dit is baie kosbaar!

Ons groet julle in Sy dierbare Naam – Alex en Linda Didden

“Gedurende die eerste byeenkomste het 'n paar mense hulle aangemeld om gedoop te word en het ons op Sondag 30 November ons eerste drie doopkandidate gehad !



Gebeds AAND

In September 2025 het ons as 'n gebedsbediening Maandae-aande begin bymekaar kom. Wat klein begin het, het vinnig gegroei toe meer mense gehoor gegee het aan die roeping om saam te bid en in te tree. Die gebedspan het oor tyd gegroei, nie net in getalle nie, maar ook in geestelike diepte, eenheid en verwagting van wat God wil doen.

Elke Maandag kom ons getrou bymekaar om in te tree vir ons kerk, ons leiers, ons stad Bloemfontein en ons land. Hierdie tye van gebed het 'n plek geword waar mense eerlik voor God kan wees, mekaar kan dra en hoop kan ontvang.

Ons het gesien hoe God mense ontmoet in hulle werk, persoonlike omstandighede en innerlike lewens, en hoe Hy rigting en vrede bring.

Ons het ook kragtige getuigenisse van fisiese genesing beleef. Daar was mense wat ernstig siek of selfs in kritieke toestande was, en waarvoor ons ingetree het. God het ingegryp, en hulle gesondheid het verbeter. In ander gevalle het ons gebid vir mense wie se mediese fondse prosedures geweier of uitgestel het. Ná gebed is goedkeurings verleen, prosesse omgekeer en behandelings toegelaat.

In November 2025 het ons 'n besondere mylpaal bereik met ons eerste 12-uur-aanlyngebed op 'n Vrydagaand. As gebedspan het ons vir 12 ure aaneen gebid en ingetree vir 2026.

-Nico Prinsloo



BARISTA OPLEIDING

Hein en Mareli Lodewyk van Lewende Woord gasvryheidspan het die vakansie barista opleiding gegee by die Lighuis gemeente in Petrus Steyn.

PÉTRA *Projek*

**Ons kyk terug met
dankbaarheid**

2021




2018



2025



en sien uit na die toekoms!



*"so sal my woord wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie,
maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur."*

Jesaja 55:11

KONTAK NEVILLE GOODCHILD BY 072 368 3737 INDIEN U BETROKKE WIL RAAK



BRIEF AAN DIE GEMEENTE

In my eie reis om die son leer ek meer en meer oor die lewe, oor wat die lewe bedoel is om te wees en wat die lewe kán wees as ons weet hoe om die lewe te hanteer. Die lewe is immers 'n geskenk van God en daardie geskenk is dinamies en delikaat, en is doelbewus aan ons elkeen gegee. Hoe ons dit ontvang, hanteer en wát ons daarmee bereik, word die storie van ons lewens en bepaal ons toekoms: môre, volgende jaar en selfs ons ewigheid.

Filippense 3:12 – Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp, omdat ek ook deur Christus Jesus gegryp is.

Van ewigheid gepraat: Ons vind dit moeilik om verewig en vandag aan mekaar te koppel. Dit bly twee realiteite in ons gedagtes, dikwels teenoorgesteldes. Ons hoop hoofsaaklik dat eendag anders sal wees as vandag. Ons glo omstandighede sal vorentoe beter wees as verlede jaar. Ons sien 'n toekoms waarin baie ideale gerealiseer sal word, drome waar sal word, of geleenthede oor ons pad sal kom en dit alles iewers vër in die toekoms. Vandag is egter 'n ander gesprek: die sogenaamde hier en nou. Die realiteit. Die werklikheid.

Die lewe word soos pottelbakkersklei in ons hande wanneer ons ontdek dat God ons skeppers van die toekoms maak, en dat ons vandag leef in destyds se eendag. Ons staan vandag in die toekoms waarna ons tien jaar gelede uitgesien het! Ons moet egter die lewe in die oë kyk en onself afvra: Is dit wat ek gewens het dit gaan wees, of is dit presies waaraan ek gebou het? My lewe is 'n konstante en voortdurende konneksie tussen vandag en ewig. Waarop ek vandag fokus, is die boustene van my toekoms, en ek staan vandag op die bouwerk van my verlede.

Ons bou wat ons liefhet. Ons het die geleentheid om eendag te leef in 'n toekoms wat ons deur ons geloof in Jesus se werk, ons liefde vir mekaar en ons verantwoordelikheid teenoor hierdie groot genadegawe opbou.

Filippense 3:14 – Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus.



Neville Goodchild